| 10 April | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 12 APRIL 2026 SE EREDIENSTE:

**08:00**
**Kuierkerk**
Dr Stephan Naudé
1 Petrus 1:3-9

**09:00**
**Hangklipkerk**
Ds Heinrich Carstens
1 Petrus 1:3-25

**10:00**
**Kleinmondkerk**
Dr Stephan Naudé
1 Petrus 1:3-9







Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

YouTube

Gebruik gerus SnapScan om jou offergawe te gee.







*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Die families en vriende met die afsterwe van die lidmate:*

**Cathy Möller (BB6), John Burls (Ba3), Adri Garbers (Bb3) Nelie Lourens (Bb2) en Chris Wernich (Sa3).**

**Ds Heinrich Carstens**
083 566 1490
*heinrich@ngkogelberg.co.za*

**Dr Stephan Naudé**
063 580 1814
*stephan@ngkogelberg.co.za*

**KERKKANTOOR***ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAK***besonderhede*

| 028 271 3470 | info@ngkogelberg.co.za |
|---|---|

# Program vir die week

## 12 - 18 April 2026

### Sondag 12 April

**17:00** **Kogelberg Kids** (Kerksaal)

### Maandag 13 April

**09:30** GriefShare Kursus (Elza Marais)
**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)
**15:00** Fondsevergadering (Hangklipkerk)

### Dinsdag 14 Maart

**09:00** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)
**11:30** Gerimed Biduur
**16:30** KM Gebedsgroep (Kapel)
**17:30** Sendelinge (Kapel)
**17:30** Diensverhoudinge (TYD)

### Woensdag 15 Maart

**17:00** Dissipelskapreis (Hangklipkerk)
**18:30** Dissipelskapreis (Kleinmondkerk)

### Donderdag 16 Maart

**06:00** HK Mannegroep (Hangklipkerk)
**06:30** Kogelberg Mannegroep (TYD)
**09:00** Caritas-projek
**18:00** DivorceCare Kursus (Elza Marais)

### Saterdag 18 April

**09:30**

Eko-groep Skoonmaak

# Gebedsgroepe

*Vir ons as Christene is daar 'n uitdaging om te bid vir herlewing, sodat die verwoesting wat gemaksug in ons geloofslewe bring, herstel kan word. Kom bid saam, sodat die ou geykte kultuurgodsdiens deur die werking van die Heilige Gees en 'n herlewing, verbreek kan word.*

*Ons gemeente het verskeie formele en informele gebedsgroepe waarby lidmate kan inskakel.*
*Op Dinsdae kom die formele groepe soos volg bymekaar:*

- *09:00 - Hangklipkerk*
- *11:00 - Gerimed*
- *16:30 - Kleinmondkerk*

*Skakel gerus die kerkkantoor om deel te word van die onderskeie WhatsAppgroepe.*

## Lidmate wat voorbidding nodig het....

Gerrit Möller (BB6), Dr. Ryk van Velden (Sa4), Christa Fick (PM3) en Dr. Chris Malan (Sa1)




**Geloofsvorming**

# Weeklikse Gebedsgroepe




# Mannebediening







Neem kennis
ECO
Die Eko-groep se Algemene Byeenkoms
wat Dinsdag, 14 April sou plaasvind,
is uitgestel tot verdere kennisgewing.


Diensverhoudinge
Dinsdag 14 April
om 17:30
TYD-kuierruimte

# EKO-bediening

## SKOONMAAKAKSIE

**18 APRIL OM 8:30 - 10:00**



- Waar: Hugo Naudé-straat op tot by die watersloot
- Bymekaarkomplek: Ons ontmoet mekaar by Hugo Naudé-straat.
- Onthou: Sakke, handskoene en steekpenne word verskaf. Bring waterskoene as julle het.
- Hoop om almal daar te sien!

ENIGE VRAE?
KONTAK:
CARLO VAN RENSBURG
0828408148

EKO-BEDIENING
Die aarde behoort aan die Here

## Bid op die berg -Jean's Hill

-Kom ontmoet God in stilte-

19 April om 12:00

Stap op eie tyd na Jeans Hill
Of ontmoet by Fellowship-gemeente aan bo-punt van 6e Straat. om 11:30
Bring: hoed, water, kussing

*"Lig jou oë op na die berge..."*
eko-bediening



# Hou die datums oop...






# Agapé Vrouegroep verras naweekgangers met 'n Paasboodskap

Op Stil Saterdag in die afgelope Paasnaweek, om twee-uur die middag, het 'n groep witgeklede vroue restaurantgangers en besoekers aan Kleinmond-hawe verras met 'n lofdans en loflied op die parkeerterrein.

Met die blou van die see en die lug as agtergrond, gepaste lofdansbewegings deur die vroue in wit, die vorming van 'n reuse-kruis met rooi baniere en die sing van die lied 'Lord I lift Your Name on High' het die groep 'n jubelboodskap van hoop en danksegging laat weerklink en uitgebeeld.





Die vroue stem saam dat die band tussen hulle onderling ook deur die optrede verder versterk is.

Selfs 'n paar vroue van ouer as 80 het vreugdevol meegedoen, onder leiding van Ananda Krige.

*Klik op die skakel vir 'n kort video-opname.*

# Kogelberg se Getuienis

# Evangelie aan onbereiktes

Ons roeping om draers van ligte wees, was die rede waarom daar sowat 30 jaar gelede met ‘n getuienisaksie (destyds sendingkommissie) begin is. Sodat ons gemeente die boodskap van God se wonderlike liefde verder kan uitdra. Na die onbereiktes – dié wat nog nooit gehoor het dat Jesus vir ons aan die kruis gesterf het nie.

Met Paasfees het ons weer die wonder van God se liefde beleef: Jesus het vir ons gesterf. En vir die sonde van die wêreld.

In dié tyd het deel daarvan in twee van ons buurlande waar geword:



• In Mosambiek het pastoor Franque Bitone pas begin werk in ‘n gebied waar daar nog nie ‘n georganiseerde kerk of groep lidmate is nie. Die afgelope drie jaar het Kogelberg bygedra tot sy studiekoste by Hefsiba. Hy en sy gesin ontvang voortaan die maandelikse bedrag van R1500 vanaf ons gemeente.

Sy vrou is Elcida. En die kinders Fanuel, Célia, Renad, Ester en Lalina.

Ons bid vir hom met die groot uitdagings in ‘n onontwikkelde gebied waar paaie onbegaanbaar is weens die vloede. In dié onbereikte omgewing moet hy kerkplanting doen.

Die sekretaris van Milange-sinode in die noorde van Mosambiek, pastoor Ernesto Ganhali, het die volgende boodskap vir ons gemeente gestuur: “Die sinode bedank die gemeente vir die ondersteuning wat aan Franque en sy gesin gegee word. Die sinode dra sy seëngroete oor aan Kogelberg-gemeente.” Die sinode besorg elke maand die geld aan hom.



• In die verre noorde van Namibië, naby Rundu in die gebied onder die Okavangorivier, werk André van Niekerk en sy vrou Manda reeds die afgelope 25 jaar nadat die Here hom geroep het om die evangelie na die onbereiktes te neem. Die Ovambo’s praat ‘n verskeidenheid dialekte van hulle taal.

Hy word deur enkele gemeentes en indivdue ondersteun en ontvang voortaan R500 per maand van ons gemeente.

# Goeie Vrydag – Nagmaal

Jean Joubert, lid van die Hangklip-voorsanggroep, het tydens die bediening van Nagmaal op Goeie Vrydag een van sy eie komposisies gesing.

Dit was 'n pragtige, meesleurende lied en die Eerste Gelui wou weet wat hom geinspireer het.

"In ons lewens beleef ons seisoene: Seisoene van vreugde, seisoene van swaarkry, seisoene van oorvloed, seisoene van verlies en nog meer.

"Ek het baie jare van swaarkry en verlies beleef en in worsteling met my Hemelse Vader daaroor, het Hy my gebring na Hebreërs 5:8 - Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het"

" Christus se oorwining aan die Kruis het begin met die 'gehoorsaamheid' wat Hy geleer het uit sy lyding in sy lewe.

" In my meditasie oor die skrif, het ek op 1 Petrus 2:21 afgekom en besef ek is geroep on Christus hierin te volg. 'Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg'

"So sal ons, deur ons kruis op te neem, ook gehoorsaamheid leer en sodoende toegerus word vir die uiteindelikke oorwinning. Hierdie lied is gebôre uit die skrif en die praktiese toepassing daarvan op my lewe



Swaarkry 'n Seën

1. Al was Hy die Seun van God Heb 5:8
Moes Hy gehoorsaamheid leer
Dit wat Hy moes ly,
Dit het hom voor berei
Oorwinning vir ons te verkry !

2. 'n Man van smarte was Hy Jes 53:3
Teen die vyand het hy gestry
Die angel van die dood
Was in Sy hart soos lood
Hy was met smarte deurboor !

3. Want hiertoe is julle geroep 1Pet2:21
Verdra die onreg jy moet
Die Woord is bittersoet
Maar ek skep weer moed,
want Oorwinning kom deur 'n kruis !

Koor
Ja, ons Here weet, Ja, Hy ken jou leed
Die swaarkry en die die pyn, Leer ons oorwinning kry.
Ja, dit leer ons leef soos Hy

Brug:
Hierdie weg, leer ons veg
O Kom o Gees, lei my op die weg.

Koor
Ja, ons Here weet, Ja, Hy ken jou leed
Die swaarkry en die die pyn, Leer ons oorwinning kry.
Ja, dit leer ons leef soos Hy.

## Plante




## Klankspan




## Kerkkantoor



# Kleinmond Vrouebybelstudie

## Maandag 13 April

15:00
**Sc1-4**
Mariette Hugo
Vyfde straat 22

## Dinsdag 14 April

10:15
Sb4
Kapel

11:00
**Kogelpark**
Kogelparksaal

15:00
**PM3**
Bessie Fouché
JS Maraisstraat 50

15:00
**Bb1-4**
Bessie vd Walt
Tiendestraat 34

## Woensdag 15 April

10:00
**HK 3**
Leanda Miessner
Ursinialn 51

10:00
**KB6**
Kuierkamer
Fynbospark

15:00
**KB5**
Beatrice Joubert
Boekenhoutlaan 11

## Donderdag 16 April

15:00
**PM1,2 & 4**
Daphné Loots
Alheistraat 33





Hangklip Diens van Barmhartigheid het lootjies verkoop ter stywing van fondse en die Kerkkantoor het die trekking gedoen Drie persone was baie bly oor die kombers wat hulle gewen het, nl. Elseline Rörich, Susan Fourie en Mané Grobler



# Kruisdiens

**NG Kerk Kogelberg Kuierkerk**

**Wie is Jesus ... en sien jy dit?**

**Dr Stephan Naudé Joh 18:28 – 19:16**

**Vrydagoggend 3 April 2026 8h00**



Met liefde gemaak deur Joanne












# Opstandingsdiens

**Kuierkerk + Kleinmondkerk**

**Die Opstanding**

**Dr Stephan Naudé Joh 20:1 - 18**

**Sondagoggend 5 April 2026 9h00**




*Met liefde gemaak deur Joanne*

















# Veels Geluk...

## Saterdag 11 April

Nic Bekker 082 551 4487 (Sa1)
Johann Botha 082 417 8563 (BB1a)
Johan Fourie 072 607 4263 (Ba1b)
Nelia Groenewald 082 632 2397 (Bb1)
Betsie Joerdens 082 922 2312 (Sa2)
Rigaard la Grange (HK3)
Elma Nieuwoudt 083 275 2361 (Sb2)
Fredrich Sass (BB4)
Anet van der Linde 072 456 3703 (Ba3)

## Sondag 12 April

Martie de Witt 082 419 7527 (KB2)
Bokkie Hansen 064 650 9275 (Sa2)
Stephen Hansen 082 927 6946 (Sc3)
Gert Hattingh 083 415 5114 (Sa2)
Gerrit Koorsen 083 412 6922 (Sb4)
Owen Ludick (PM1)
Giel Maree 082 455 9888 (PB2b)
Amelia Rabe (Ba2)
Almero Rademeyer 072 463 9567 (Ba3)

## Maandag 13 April

Kleintjie Britz 082 785 4487 (BB2)
Videa Loubser 083 267 1613 (Sb4)
Lorraine Lourens 084 580 6085 (Sc1)
Regardt Stals (RE)
Cobus van Zyl (KB5)

## Dinsdag 14 April

Amanda Booysen 082 303 6172 (Ba2)
Dirk Burger 082 781 7909 (Sa1)
Nick Kruger 082 780 8125 (PM1)
André Pentz 083 627 1336 (Ba1a)
Kosie Scheepers 082 556 4002 (KP2)

## Woensdag 15 April

Hans Beukes 083 454 9522 (HK3)
Nico Coetzee 083 708 5712 (HK3)
Elsa Dauth 071 303 2340 (Sc1)
Marina Geldenhuys 082 927 1195 (KB1)
Schalk Potgieter 082 374 1233 (HK3)

## Donderdag 16 April

Andrê Frowein 062 838 6867 (BB3)
Loraine Kotze 082 924 4239 (Sa4)
Johan Stander 083 286 6188 (BB6)

## Vrydag 17 April

Susan Botha 082 710 4156 (PM4)
Jannie Hougaard 083 680 7694 (Sa3)
Flippie Laubscher 084 444 1992 (HK3)
Karin Oosthuizen 082 574 5381 (KB2)
Marianna Schwenke 082 677 2843 (Bb4)
Casper Strydom 082 419 8232 (Sa4)




GROEPGESPREKKE | 12 - 18 APRIL 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Waarna sien jy op die oomblik die meeste uit?
- Wat is iets klein wat jou dag beter maak (kos, rus, mense)?
- Dink julle mense leef met ’n konstante hunkering? Vertel vir mekaar wat dit kan wees en hoekom?
- Watter tipe dinge gebruik mense om daardie verlange te probeer vul?
- Het jy al iets gekry waarop jy baie gehoop het, maar dit het nie gehou nie?
- Wat is die verskil tussen tevredenheid en dieper hoop?

Ons almal dra ’n hunkering in ons, maar niks in hierdie wêreld maak dit permanent vol nie.

- Waar ervaar jy hierdie “dit is nog nie genoeg nie” gevoel in jou lewe?
- Waar probeer jy dalk daardie leegte vul met werk, mense, ontspanning of goed?
- Wat doen dit aan jou as jou hoop heeltyd skuif van een ding na ’n ander?

**3. God se storie...**

- Lees saam: 1 Petrus 1:3-9
  - Lees die teks ten minste drie keer. Elke keer uit ‘n ander vertaling.
- Wat beteken dit dat hoop “lewende hoop” is?
- Hoe verskil dit van die tipe hoop wat ons gewoonlik het?
- Wat beteken dit dat jou identiteit nou in God lê en nie in jou omstandighede nie?

Vers 6-7:

- Hoe kan iemand bly wees al gaan dit swaar?
- Het julle al dit ervaar of gesien?

Vers 8-9:

- Hoe help geloof in Jesus jou om vas te hou aan hoop?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

Omdat Jesus opgestaan het, kry ons ’n nuwe identiteit en ’n lewende hoop. Gebruik die tyd om eers stil te raak en stelf met God te praat. Deel met mekaar soos wat julle kans sien;

- Waar soek jy nog vervulling in dinge wat nie hou nie?
- Waar probeer jy iets voorgee wat nie werklik binne jou is nie?
- Waar laat jy kultuur, familie of mense jou lewe bepaal?
- As hoop binne jou leef, wat begin uit jou lewe kom?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede waar julle bid.**

Bid saam vir:
- oë om te sien waar ons hoop lê
- geloof om ons identiteit in Christus te vind
- die krag dat lewende hoop binne ons sal groei
- ’n lewe waarin iets nuuts uit ons begin kom

**Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag 13 April 2026 – Psalm 116:1-4, 12-19
- Dinsdag 14 April 2026 – Handelinge 2:14a, 36-41
- Woensdag 15 April 2026 – 1 Petrus 1:17-23
- Donderdag 16 April 2026 – Lukas 24:13-35
- Vrydag 17 April 2026 – Johannes 21:1-14
- Saterdag 18 April 2026 – Kolossense 3:1-4